
# 217 Jesus neem die sondaars aan




Niks het ons by U verdien, maar die liefde se bevryding
laat ons Gods ontferming sien in sy Seun se bitter lyding.
Ons kan nou na Jesus gaan, want Hy neem die sondaars aan!

Soos ‘n herder soek die Heer na die skaap wat afgedwaal het;
bring dit na sy kudde weer, waarvoor Hy so duur betaal het.
Hy laat geen verdwaalde staan, Jesus neem die sondaars aan!

Kom nou, elkeen, kom na Hom; sondaar, kom, in skuld verlore!
Jesus roep jou, jy moet kom! Deur genade weergebore,
mag ook jy na Jesus gaan, want Hy neem die sondaars aan.

Hy, my Heiland, spreek my vry, as die Satan my beskuldig;
Hy wat regter is oor my het my straf gedra, onskuldig.
Ek sal nie verlore gaan, Jesus neem die sondaars aan.

Erdmann Neumeister (1677-1756) J. Crüger (1598-1662)